WEEK VAN GEBED
28-31 JANUARIE 2018
GEBEDSWAAK (28 JAN. – 2 FEB.)

- Ons nooi jou uit om deel te neem aan ons gebedsinisiatief tydens die week van gebed! Ons bid van 6:00-18:00 in uurlikse gebedsgleuwe. Kom kies die uur/ure wat vir jou die beste werk, en bid by die kerk, en OF in die gemak van jou eie huis.
- Ons leer God beter ken deur sy name, en bid ook vir ons gesinne, die gemeente en ons land.

Hoe moet ek my gebedstyd indeel?
- Begin altyd met sondebelydenis en verootmoediging (10 min.);
- Lofprysing en aanbidding na aanleiding van die Name van God (15 min.);
- Lees 'n Psalm en aanbid Hom net vir wie Hy is;
- Gebedsversoeke (20 min.);
- Danksegging en afsluiting (15 min.).

Die Name van God
Die Hebreeuse Name van God omskryf Sy karakter wat mens help om anders te dink oor Sy grootheid en wie Hy is en dan ook anders te bid. Ons gaan elke dag 'n Naam neem en dan daardie karaktereienskap van God gebruik om daarvolgens die versoeke deur te bid.

Kolossense 1:16-17 – "*want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemel en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge en in Hom hou alle dinge stand*."

SONDAG: 28 JANUARIE

ELOHIM: Die Skepper van alles wat bestaan.
- Die meervoudige vorm van die Goddelike Drie-Eenheid: Vader, Seun en Gees.
- Die Naam Elohim het 'n drieledige betekenis; nl. Skepper-God, Soewereine-God en God-van-outoriteit.

Skepper-God: Gen.1:1 – "*In die begin het God (Elohim) die hemel en die aarde geskape*".
Soewereine God: Hy is die Oppermagtige Opperwese en daar is geen God soos Hy nie (Jes. 46:9-11).
God-van-outoriteit: Hy is die God van outoriteit wat oor alles en almal en alle magte en gesag heers.
Psalm 138:2 - "*U Het u Naam en u Woord bo alles gestel*."

Gebedsversoeke: Bid vir jou en jou gesin/familie:
- Bid dat gesinne en individue opnuut hul lewens sal toewy aan die Drie-Enige God, Elohim;
- Bid dat Elohim wat geskep het deur net 'n woord te spreek, jou lewe sal herskep en nuut maak waar nodig;
- Bid vir die begeerte om volgens die wil en plan van Elohim te lewe met jou hele menswees en alles wat jy het. Wy jouself opnuut aan Hom toe.

Bid vir die gemeente:
- Elohim , is die Skepper God wat ook die Een is wat hierdie gemeente geskep het, volgens Sy soewereine wil en plan;
- **Johannes 1:3** - Alle dinge het deur Hom (Elohim) ontstaan en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. Elohim is die Skepper en Soewereine God en alles is aan Sy outoriteit onderworpe;
- Bid en vra dat ons as MPG ons sal onderwerp aan die Soewereine wil en plan van Elohim en aan Sy outoriteit;
- Bid dat elke leraar, leier en gemeentelid Sy soewereine wil en plan sal soek en doen en dat elke bediening Sy plan en wil sal leef hierdie jaar.

Bid vir SA:
Ons verklaar dat U groter is as enige probleem of situasie, want U is die God aan wie alle mag en gesag behoort;
- Bid en vra dat die Almagtige God /El , Sy heerskappy in hierdie land sal vestig.

WEEK VAN GEBED
28-31 JANUARIE 2018
GEBEDSWAAK (28 JAN. – 2 FEB.)

MAANDAG: 29 JANUARIE

EL: Die Almagtige/die Sterk Een
- Die teken waarmee die woord "EL" in die Hebreeuse alfabet beskryf word, lyk soos 'n juk – die juk wat twee osse saam inspan om 'n vrag te trek;
- Oordink dat ons saam met EL in 'n juk is en nooit alleen is nie. Hy die Almagtige, Opperwese, die Kragtige, die Hoof oor alles en almal, Hy is ons God wat sê: Sy juk is sag en Sy las is lig;
- Dawid het baie keer God aangeroep met die Naam – EL (God) in situasies waar hy hom beroep het op die Almagtige, die Sterke God.

Psalm 16:1 – "*Bewaar my, o God (El), want by U skuil ek*".

Job 36:22 – "*God (El) is almagtig. Wie kan 'n mens leer soos Hy?*"

Bid: Ons aanbid U as El – die God wat groter is as enige natuurramp, of krisis in ons lewe of probleem. Leer ons om U te vertrou, want daar is geen mens of situasie wat groter is as U nie. U het die dood en die bose oorwin en U is ons God, EL, die Almagtige!

Bid jou gesin en familie:
- Loof die Almagtige God vir wie niks onmoontlik is nie. Dank Hom dat Hy presies weet wat nodig is vir ons elkeen om te leef en Hom te dien;
- **2 Kor.12:9 –** *"My genade is vir jou genoeg, want My krag word in swakheid volbring";*
- God die Almagtige (El) is groter en sterker as ons swakhede, ons foute en ons probleme;
- Bring jou gesin, familie, vriende, en bekommernisse voor El, die Almagtige, en weet Hy sal sorg en voorsien;
- **Matt.11:28** – "*Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee*". Dank en loof Hom vir hierdie belofte.

Bid vir die Gemeente leiers en leraars.
- Ons kom aanbid U as 'El', die God wat groter is as enige probleem wat ons leraars en leiers hierdie jaar moet hanteer;
- Vader, ons bid dat hulle sal onthou Wie U is, sodat hulle nie angstig rond kyk en eie planne begin maak, wanneer die vyand aanstorm nie;
- Ons bid dat hulle sal weet die Almagtige, Sterke God (El) is die Een wat hul wil leer en lei en wat vir hulle die stryd voer;
- Bid dat hulle onverskrokke hierdie gemeente volgens die beginsels en waarhede van die Woord en wil van 'El' die Almagtig sal lei en rig.

Bid vir SA:
- **Dan.2:21 –** "*Hy tog verander die tye en die geleenthede; Hy sit konings af en stel konings aan*";
- Bring ons land voor Sy troon en loof Hom dat Hy vir wie niks verborge is nie, voor wie se oë alles oop en bloot lê, die El, Almagtige Heerser is oor alle volke, nasies en tale;
- **Ps. 147:5** – "*Die Here is groot en magtig en sy kennis is onbegrens*". Vader ons vra dat U ons leierskap in hierdie land sal begenadig en aan hulle wysheid en kennis gee om die land te bestuur, sodat almal in vrede kan lewe **(1 Tim.2:1&2**);
- **Ps.138:2b –** "*want U het U Naam en U woord bo alles gestel*". Vader ons loof u dat ons weet aan U behoort alle mag en gesag, U is El, die Almagtige wat regeer oor alle volke en nasies en U sal U kinders se gebede verhoor vir vrede en reg en geregtigheid volgens U Woord, in SA.

WEEK VAN GEBED
28-31 JANUARIE 2018
GEBEDSWAAK (28 JAN. – 2 FEB.)

DINSDAG: 30 JANUARIE

El Roi: Die God wat sien

Genesis 16:7 en 13 – "*en die Engel van die Here het haar by 'n fontein in die woestyn gevind… toe noem sy die Naam van die Here, wat met haar gespreek het: U is 'n God wat sien, (El Roi), want sy het gesê: Het ek hier ook gesien Hom wat my sien*"

Hagar word deur El Roi self bedien. Hy bedien haar met 'n Woord van hoop, want Hy is die God wat ons sien en raaksien en ons hoop wil gee.

Bid: Vader, Seun en Heilige Gees ons aanbid U as El Roi, die God vir wie niks verborge is nie en ons weet dat U die chaos, onreg en probleme in ons lewens en ons land sien. U is die God wat die toekoms sien, en ken, en so ook is die uitkoms van alles in U hand. Amen.

2 Kronieke 16:9 – "*Sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is*".

Gebedsversoeke: Bid vir gesinne en families:
- Ons loof U vir die kosbare wete dat U ons sien, my en my huis, ons gemeente, ons land en elke probleem en bekommernis;
- Ons bid en vra dat U asb. gesinne en families sal kom versterk in hul geloof en liefde vir U, en vir mekaar. Dat ons liefde sal bly toeneem en dat dit in dade sal oorgaan.

Bid vir ons gemeente:
- El Roi, God wat sien, ons as gemeente kom met verootmoediging en gebed voor U troon. Sien ons in genade aan en vergewe ons ons skulde en lei ons as gemeente op die regte en beproefde pad agter U aan in hierdie jaar;
- Ons bid dat die leierskap U plan en pad sal volg vir die jaar. Openbaar Uself aan hulle soos aan Hagar;
- Ons bid en vra dat U ons geestesoë en ore sal oopmaak en dat elke gemeentelid sal sien waar en hoe ons U moet dien in hierdie gemeente en ook waar ons beweeg en leef elke dag.

Bid vir SA:
Sagaria 4:10b – *"…daardie sewe oë op die klip voor Jesua is die oë van die Here wat oor die hele wêreld kyk"*
- Here, u oë sien die onreg, werkloosheid, korrupsie en chaos in hierdie land. Ons bid dat ons met U oë sal kyk en met u hart van liefde sal bid;
- El Roi, God wat sien, gee asseblief vir ons uitkoms in SA;
- Ons bid dat U geestelike leiers oral in skole, werksplekke, regerings departemente ens. sal oprig wat dag en nag tot U roep vir uitkoms en die herstel van ons land.

WEEK VAN GEBED
28-31 JANUARIE 2018
GEBEDSWAAK (28 JAN. – 2 FEB.)

WOENSDAG: 31 JANUARIE

EL GIBBOR: Magtige Kryger

Eksodus 15:3 – *"Die Here is 'n Krygsman; Here is Sy Naam".* (1953 vertaling)

Die Here is die Een wat die dood en die ganse bose ryk oorwin het.

Kolossense 2:15 – "*Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer*".

Josua, Dawid en Gideon het al drie die Here as hul Magtige Kryger ervaar.

Gideon het met 32 000 man begin en aan die einde in opdrag van die Here, was daar net 300 oor, want die Here wou Homself openbaar as El Gibbor, die Magtige Kryger wat die oorwinning vir Israel en Gideon hulle beklink het (Rig.7). Al wat die mans as wapen gehad het was 'n ramshoring en 'n fakkel (Rig.7:16).

El Gibbor is ook daar vir ons elkeen en vir ons gemeente, wat die stryd namens ons wil voer.

Bid: Ons kom loof U vandag Vader, Seun en Heilige Gees, dat U ook El Gibbor is wat Oorwinnaar oor die dood is en dat U heers oor elke mag en gesag. Dankie dat ons saam met U meer as oorwinnaars is en daarom nie in vrees hoef te leef nie. Dankie dat U ons Magtige Kryger is wat ons tot alles in staat stel. Help ons om elke dag in oorwinning te leef. Amen.

Bid vir gesinne en families:
- Bid dat gesinne en mense wat moedeloos is weer moed sal skep, omdat hulle weet en glo die oorwinning is reeds behaal en El Gibbor sal vir hulle die stryd voer;
- Bid vir die redding en verlossing van mense wat vasgevang is in allerhande slegte praktyke en gewoontes;
- Bid vir El Gibbor se oorwinning en deurbrake in hierdie situasies.

Bid vir ons gemeente:
- Bid dat leierskap sal volhard in gebed en nie moedeloos word nie;
- Bid dat hulle sal rus in die wete dat El Gibbor vir hulle die stryd voer;
- Bid dat elke plan van die vyand in die Lig sal kom en nie sal slaag nie, omdat die vyand uitgeklee en oorwin is. (Kol.2:15).

Bid vir SA:
Romeine 9:34b – *"Christus.. wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree".*
- Ons loof u Here Jesus en Heilige Gees, dat u vir ons intree en dat ons voor U troon kan kom om te pleit vir ons land;
- Ons wil ons opnuut voor u kom verootmoedig en bid en vra dat u ons genadig sal wees in hierdie land en ons sondes vergewe en ons land herstel;
- Ons erken dat ons tot niks in staat is sonder u nie en dat geen regering uitkoms kan bring nie, maar u alleen;
- Ons bid en vra dat u die Magtige Kryger self sal opstaan en ter wille van die eer van U Naam en die gebede van die gelowiges vir ons vrede en uitkoms sal gee in SA.

WEEK VAN GEBED
28-31 JANUARIE 2018
GEBEDSWAAK (28 JAN. – 2 FEB.)

DONDERDAG 1 FEBRUARIE:

Jahweh Jireh: **Die Here wat voorsien.**

Voorsien beteken ook: Vooruit sien, verskaf wat nodig is, sorg vir…

YHWH Jireh is die enigste volmaakte Voorsiener wat bestaan. Dit is hierdie Almagtige God, wat ons sien en wat ons diepste behoeftes ken, wat ook sal voorsien in dit wat Hy weet ons nodig het om te lewe en om Hom te dien.

Ons moet ons fokus wegskuif van ons daaglikse behoeftes en nood, en ons denke verander na Jahweh Jireh - God wat groter is as enige behoefte of nood. Ons sien ons geestelike armoede en nood raak - en weet dit is wat ons voor Hom moet bring.

Bid: Vader, ons weet en glo dat U in elke fisiese behoefte kan voorsien, maar ons het 'n groter behoefte - Jahweh Jireh, dat U soos in Jesaja 11:2 ons sal lei, en voorsien aan ons behoefte na U waarheid, U wysheid, U raad en sterkte, U kennis en die vrees van die Here. Amen.

Bid vir gesinne en families:
- Ons bid vir die nood fisies, geestelik en emosioneel van ons geliefdes dat U asseblief deur U Gees sal kom en hul denke en hul gees vernuwe;
- Ons bid dat U wat ons Herder en Vader is, die God wat ons diepste gedagtes en behoeftes ken, dat U asb. sal voorsien nie volgens ons wil nie, maar laat U wil alleen geskied in ons lewens;
- U is 'n goeie Herder wat nooit U skape sal los nie.

Bid vir die gemeente:
- Vader, dat U asb. ons leiers sal vul met u wysheid, insig en kennis sodat U hulle kan lei volgens U Goddelike raadsplan;
- Ons vra dat U asb. vir ons gemeente sal voorsien dit wat nodig is om U werk te doen en U koninkryk uit te brei;
- Ons het U so nodig, Jahweg Jireh, God wat voorsien.

Bid vir SA:
- Ons bid en vra dat U wat sien, U wat voorsien en U wat Almagtig is, SA sal terug draai na U toe;
- Ons bid dat SA 'n land sal word waar U weer die Koningskap en die Heerskappy van hierdie land oorneem en in beheer is van elke besluit;
- Jahweh Jireh, sal U asseblief Godvresende leiers en mense voorsien in sleutel posisies wat U lig laat skyn, sodat U koninkryk sal kom en mense tot redding sal bring;
- Rig U "remnant" op in elke stad, dorp, besigheid en oral in ons land.

WEEK VAN GEBED
28-31 JANUARIE 2018
GEBEDSWAAK (28 JAN. – 2 FEB.)

VRYDAG: 2 FEBRUARIE

JAHWEH SHALO : Die Almagtige Skepper gee rus – Hy is vrede.

Jahweh beteken: Die groot EK IS. Die Een wat self kan bestaan en wat vir ons IS wat ons okal nodig mag hê.

Toe Gideon onseker was of die Here hom regtig wil gebruik om Israel te red, het hy vir die Here 'n teken gevra en hom lam geskrik toe God wel opdaag.

Rigters 6:23 – *"maar die Here sê vir hom: Vrede vir jou! Vrees nie!"*

Is dit nie wat ons nodig het in ons lewens nie? God se Alomteenwoordige en inwonende vrede wat ons nooit verlaat nie.

Hierdie vrede is in Hom. **Johannes 16:33** – "*Dit het ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê; hou goeie moed. Ek het die wêreld klaar oorwin*".

Johannes 14:27 – "*Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle*".

Bid: Here Jesus, dankie dat U ons vrede is te midde van 'n gebroke en chaotiese wêreld. Dankie dat U Goddelike waarheid baie groter is as ons persoonlike werklikheid en dat U ons bron van vrede is. Dankie dat U vrede triomfeer oor die berge en reuse in ons lewens, wanneer ons aan U vashou en die waarheid van U Woord glo. Amen.

Bid vir gesinne en families:
- Efesiërs 2:17-18 - "*toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring*";
- Bid dat mense die goeie boodskap sal glo, sodat soekende en verlore mense, gesinne en families by God kan uitkom;
- Bid dat die Gees wat in ons woon die vrede in huise en verhoudings sal herstel.

Bid vir ons gemeente:
- Matteus 5:9 – "*Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word*";
- Bely enige sonde van skinder en kwaadpraat en kritiek en bid dat ons vredemakers sal wees, wat mekaar se belange eerste stel;
- Bid vir eensgesindheid en Goddelike, opregte vrede tussen kollegas, personeel, gemeentelede en gesinne.

Bid vir SA:
- **Psalm 106:23** – "*Die Here wou hulle verdelg, maar Moses, sy uitverkorene, het by Hom vir hulle in die bres getree om sy gramskap af te keer, sodat Hy hulle nie vernietig nie*";
- Bid dat die Here ons genade betoon en dat ons sal terugkeer na die Here;
- Bid dat die Here die vrede tussen ras, taal en nasie sal herstel.